FA NUUS (Finansiele- en Adviseursnuus)
01 Jun 2011, p.11

Finansiële intermediasie

Die globale perspektief by WFIT

(Vervolg vanaf p.9)

vereis verskillende reëls. Ons moet seker maak dat enige nuwe regulasies in Suid-Afrika op ons eie unieke omstandighede van toepassing is.

Multi-nasionale plasings

Besigheid word al hoe meer oor die nasionale grense gedoen en die uitdagings wat hierdeur geskep word, is ook bespreek. Daar is kommer dat sake gedoen word met 'n hele aantal lande wat tans nie onderworpe is aan die regulasies van ander lande nie en dat die belastingsooreenkomste dikwels onduidelik is.

Om hierdie kwessies aan te spreek, is die IVVO tans in die proses om werksgroepe wêreldwyd in te stel om oplossings hiervoor te probeer vind.

Professionalisering van die bedryf

Die beeld en reputasie van die versekeringsbedryf is 'n algemene knelpunt wat oral oor gedeel word en die beweging na die uiteindelike doelwit om die versekeringsbedryf as 'n professie erken te kry is, 'n opdraande stryd. Dit is ook 'n groot uitdaging vir die Suid-Afrikaanse versekeringsbedryf en een wat nie man alleen oorbrug kan word nie. 'n Gesamentlike poging om hierdie doelwit te laat realiseer is dwarsoor die land noodsaaklik.

Ons het onlangs die bekendstelling van die 'Treating Customers Fairly (TCF)' konsepdokument gesien. Die doelwit van hierdie dokument is om die kultuur van firmas te verander, en dit begin by die uitvoerende bestuur. Dis hulle verantwoordelikheid om toe te sien dat toepaslike produkte aan kliënte verkoop word en dat die kliënte se behoeftes dwarsdeur die lewensiklus van die polis bevredig word – vanaf produkontwikkeling tot by die eise-fase.

Vaardigheidskrisis

Verenigings wêreldwyd is besorg oor die gebrek aan nuwe bloed wat die bedryf betree en daar is talle inisiatiewe wat op globale vlak plaasvind om die versekerings- en makelaarsbedryf te bemark as 'n aanloklike beroep en professie. 'n Algemene kommer is ook die gebrek aan vaardighede, as gevolg van kundiges wat die land verlaat.

In Suid-Afrika skep dit die perfekte geleentheid vir die verskeringsbedryf om die huidige hoë werkloosheidsyfer aan te spreek. Die Suid-Afrikaanse finansiële dienstebedryf dra by tot 18% van die land se BBP vergeleke met slegs 10.6% in Australië. Maar, die werkloosheidskoers in Australië is slegs 5% en besig om te daal, terwyl dit onlangs in Suid-Afrika tot 25% gestyg het.

Hierdie syfers is 'n bewys van die uitdagings, geleenthede en verantwoordelikhede waarmee ons bedryf te kampe het.

SA speel gasheer vir die 2012 WFIT-vergadering

Die 2012 WFIT-vergadering word vanaf 22-24 Maart 2012 in Kaapstad gehou.